Johannes Erasmus Smit
Vorderingsverslag 70
Mei 2017

Willem en Johannes was albei hierdie maand grieperig, maar is weer perdfris en gesond. Ek en Johannes het aanpassings aan sy oefenfiets gemaak. Ons het pype en sterk gom gaan koop en 'n verlengstuk prakseer sodat Johannes gemakliker op die fiets kan sit. Sedertdien ry Johannes en Johan sommer 6km in plaas van 5km op 'n slag. Hein het ook 'n oefenapparaat ontwerp en onder die prieel geïnstalleer en Johannes en die fisio, Annelie Benade het heerlik in die Herfs-buitelug begin oefen.

Elize, die arbeidsterapeut en Johannes het hard gewerk aan knoopvlaggies wat ons by die braaiplek opgehang het. Dit lyk pragtig en vrolik. Dit gaan goed met die Wiskunde klasse. Sanet en Johannes speel Bingo, slangetjies en leertjies, doen inkopies, tafels, tel op en trek af. Na 'n uur se werk, is albei stokflou. By Marianne Minnie leer Johannes van wolke, reën, dou, sublimasie en allerhande wonderlike Geografie-dinge. Ek wens ek het op skool so 'n entoesiastiese Geografie onderwyseres gehad. Selfs ek verstaan nou die werk! Johannes en Annette Meyer praat Engels en maak wonderlike sinne. Hy dink elke week 'n nuwe Engelse woord of stelling uit wat sy moet verduidelik. Rozanne het weer Johannes se hare tuis kom knip. Sy doen dit nou al vandat hy uit Intercare tuis gekom het. Tjoef-tjaf is die hare af en lyk hy weer skaflik en soos 'n jong man. Buurvrou Riana is getrou elke Dinsdag op haar pos om Johannes se naels kort te hou, spesiale Klassieke musiek vir hom te laat luister en verder lees sy vir hom interessante stories/grappies/feite. JT en Constand en die Kerkmaats is Sondagaande op hulle pos by die kerk om vir Johannes te ontvang sodat hy die kategese kan bywoon. Liz het ook aangebied om geringe verstellings aan Johannes se rolstoel te maak sodat ons dit nog 'n rukkie kan gebruik voordat ons dit moet vervang. Hierdie is net 'n paar van die versorgers en weldoeners wat genoem word. Baie dankie aan ieder en elk wat elke week aanmeld en met die grootste liefde en geduld Johannes se dag vol- en interessant maak.

My suster, Lindie doen elke jaar sendingwerk in Canzibe. Sy vra of ons nie sagte speelgoed wil saamstuur nie en Johannes bied aan om van sy sagte speelgoed ontslae te raak. Ook van sy geliefde krimpvarkie, Spike. Ek en Willem het gehiernatoe en gesoontoe, maar Spike moet gaan. Toe Johannes in ICU was, het ons vir Spike ingesmokkel omdat dit sy geliefde slaapmaat was. Johannes het plegtig afskeid geneem en Spike is in die boks gesit. Twee dae later kom vertel Niël Steinmann vir Johannes hoe hy tussen die leeus gewerk het en hy bring vir Johannes 'n nuwe sagte speelding, Apollo! Die Here sorg so getrou.

<u>Oulike goed uitgedink deur Johannes</u>:

- Dit is eintlik goed dat 'n mens sê reën val neer, want as 'n mens die woord reën omdraai, is dit neer.
- Wat noem 'n mens dit as dit SLEG gaan met 'n leeuWELpie?
- Kan 'n akteur (teer) op 'n sementpad ry?
- Skoor-steen word toe "Moeilikheid soek"-steen
- N.a.v. 'n radiopraatjie, verduidelik ek so bestig moontlik vir Johannes wat bipolêre depressie is. Hy vra: Is dit 'n breinhindernis?
- Kan 'n mens betogerS uitEENjaag? (Die een is dan meervoud en die ander enkelvoud!)

- Kan DORPsmense boeke in 'n rak PLAAS?
- Iemand sê vir my ek moet 'n lekker daggie hê. Johannes brom: "Het sy dan net 23 uur in haar dag?"

<u>Gebedsversoeke:</u>

- Vir algehele gesondheid, krag en positiwiteit vir al die Smitte
- Vir Johannes vir volgehoue entoesiasme en ywer met sy oefeninge en skoolwerk
- Dat Johannes se stappery sal verbeter
- Dat sy oogsenuwees sal herstel

"Elke dag is net genade. Moenie leef vir eendag nie – leef vir vandag. Die tyd glip soos sandkorrels deur ons vingers. Leef daarom bakhand – en geniet die lewe!" Phillip Kotze

Tot volgende keer. Anelé

Foto's Vorderingsverslag 70



Johannes neem afskeid van Spike



Johannes kry vir Apollo by Niël Steinmann

Johannes en Johan by die aangepaste oefenfiets

Liz kom help met die rolstoel

Annelie en Johannes oefen met Hein se uitvindsel



Johannes en Innè in ligte luim